

SUMMER MUSCAT



Oorsprong	USDA Agriculture Research Service vrystelling in 1999. Summer Muscat is spesifiek geteel en vrygestel met die oogmerk van vroeër rywording as Sultana Seedless om die aanvang van die oesseisoen te vervoeg, asook die moontlik toepassing van 'Droog-aan-die-Stok' verbouing. Hierdie kultivar is aangeplant in Kalifornië (VSA), maar beslaan nie naastenby die hektare van Selma Pete nie en is ook minder aangeplant as Diamond Muscat wat uit dieselfde teelprogram vrygestel is.		
Skaal aangeplant SA droog	Min aanplantings. Enigste kommersieel in Vanrhynsdorp		
Rusbreek	Middels		
Fisiologies	Bot	Buitegrond: 20-31 Augustus, Binnegron: 1-7 September	
	Blom	Buitegrond: 10-20 Oktober, Binnegron: 15-25 Oktober	
	Oes	Buitegrond: 1-10 Januarie, Binnegron: 7-15 Januarie	
Wingerkundig	Summer Muscat is 'n baie vrugbare, sterkgroeiende kultivar wat minstens 2-3 weke voor Sultana Seedless ryp word. Dit produseer baie trosse wat realiseer in goeie opbrengste. Ongelukkig set hierdie kultivar baie onegalig, wat aanleiding gee tot groot variasie in korrelgrootte binne dieselfde tros, asook tussen trosse. Die gevolg hiervan is dat daar groot variasie in suikervlakke van korrel tot korrel binne dieselfde tros, asook tussen trosse voorkom. Dit mag aanleiding gee tot swakker gradering weens die variasie in kwaliteit van rosyne. Dit maak dit ook moeilik om Goue Sultanas met goeie gradering te produseer - die vereiste van hierdie rosyntipe is 'n hoë, egalige suiker van die bronprodukt.		
Lowerbestuur	Na bot	Verwyder onnodige lote uit die krone.	
	Voor blom	Tip aksie aan die begin van bot	
	Na set	Suier van blare kan voordelig wees tydens oes	
Groeiregulering	Stretch	Geen	
	Set	CPPU indien nodig	
	Vergroting	Geen	
Eienskappe	Soort	Droog	
	Rypwording	Vroeër as Sultana	
	Smaak	Ligte muskaat-karakter op vars druive.	
	Tekstuur	Ovaalvormige korrels	
	Korrelgrootte	Medium	
	Vrugbaarheid	Uiters vrugbaar. Word hoofsaaklik as langdraers gesnoei met 8-10 lote per stok en 10-12 oë per loot. Gebruik van kortdraersnit weens vrugbaarheid is definitief 'n opsie.	
	Pitreste	None	
Swam siekte	Uiters gevoelig vir Witroes. Gevoelig vir Donskimmel. Swak bestand teen Botrytis weens korrels wat bars na reën.		
Verbouing	Snoeityd	Begin Julie	
	Snoei manier	Halflangdraers met n maksimum van 8 lote op n volwasse stok	
	Uitdun	Geen	
	Vergroting	Geen	
	Oeslading	± 38 ton/ha	
Oestyd	Tros grootte	Skouer, silindries	
	Reen bestandheid	Swak bestand. Korrels bars baie maklik na reën of hoë humiditeits toestande	
	Optimaal	Ths	Geskik
Voordele	Golden	Nie geskik	
	OR	Nie geskik	
Nadele	Word 2-3 weke voor Sultanas ryp – verleng dus oesperiode en gebruik van drogingsfasiliteite		
	Vrugbaar met goeie gemiddelde oes jaar op jaar		
	Baie gevoelig vir reënskade		
Tipe produk	Groter risiko vir rypskade op koue liggings weens vroeë botdatum - liggingsseleksie is dus uiters belangrik		
	Groot variasie in grootte en suiker van korrels binne dieselde tros, asook tussen trosse wat aanwending vir sekere rosyntipes beperk		
	Geswawelde rosyne nie geskik		
Voëlskade weens vroeë rywording			
Sondroog	X	WP	X

Vrywaring:

Nie Raisins SA of die skrywer kan aanspreeklik of verantwoordelik gehou word vir enige verlies voorspruitend uit die besluite of aksies gebasser op inligting in hierdie riglyne. Terwyl enige voordeel daaruit slegs tot voordeel van die gebruiker is.